


Die Voortrekkers



WERKBOEK

vir

Penkoppe en Drawwertjies

in

Graad 1

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,

QUEENSWOOD 0121

Kopiereg: Die Voortrekkers

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 1999

Tweede hersiening, eerste druk 2003

Tweede uitgawe, eerste druk 2005

Tweede uitgawe, tweede druk 2006

Tweede hersiening, eerste druk 2013

Derde hersiening, eerste druk 2017

ISBN 1-920124-23-3

INHOUD


EK	AS	MENS	4
	1	Menswees	4
	2	Versamelkuns	10
EK	IN	MY OMGEWING	12
	1	Padveiligheid - Die Voetganger	12
	2	Ons Natuur	16
	3	Spoorsny	18
	4	Windrigtings	19
	5	Gevare	20
EK	AS	VOORTREKKER	30
	1	Die Voortrekkers - Waar kom die naam vandaan?	30
	2	Die Voortrekkers - Ons Span	32
	3	Voortrekkerwapen	34
	4	Kampering en die Skuifknoop	35
	5	Seremonie Vaardighede	38
	6	Voortrekkerkode	39
	7	Voortrekkerdrag en Kleurstelsel	43
	8	Sang	45
	9	Spele	46
EK	AS	AFRIKANER	48
	1	Kinderhelde - Racheltjie de Beer	48
	2	My Taal	50
EK	AS	LANDSBURGER	51
	1	Die Geskiedenis van ons Volk en Land	51
	2	Ons Vlae	53
OMGEE			56

EK AS MENS


1 Menswees

1.1 Persoonlike Higiëne





1.2 Versorging van Persoonlike Besittings



Hierdie is 'n voorbeeld van onversorgde besittings.


Plak die lappie waarop jy 'n knoop vasgewerk het
hier:



1.3 Gesonde Eetgewoontes



Plak of teken prente van eetgoed wat gesond is, hier.



Om aanmekaar wegneem etes te eet is nie goed vir jou nie.



Daarom word dit partykeer GEMORSKOS genoem.

'n Mens moet dit af en toe eet nie elke dag nie.


Plak of teken prente van eetgoed wat ongesond is,
hier.

2 Versamelkuns

Beplan jou versameling



1. Wat gaan jy versamel? Plak 'n prentjie van dit wat jy gaan versamel in die blokkie.




2. Vertel waarom wil jy juis dit versamel?
3. Gesels oor wat dit gaan kos?
4. Bespreek met mekaar waar die versameling gebêre gaan word.
5. Bespreek die plek waar jy jou versameling gaan uitstal of vertoon?
6. Waar en vir wie kan jy raad vra?

EK IN MY OMGEWING**1 Padveiligheid - Die Voetganger**

Stap altyd op die
sypaadjie.




En waar daar nie 'n sypaadjie is nie, stap jy aan die
REGTERKANT van die pad
sodat jy die voertuie van voor af kan sien aankom.



Indien jy oor 'n straat stap, stap verkieslik by 'n zebrakruising oor.


Wanneer jy oor die straat wil stap, wag eers op die sypaadjie en kyk.....




Eers regs

dan links


en weer regs.



Moenie in die straat speel nie.



Wat vertel die verkeerslig vir ons?



Rooi sê STOP.

Oranje sê WEES VERSIGTIG STOP
LIEWER.

Groen sê RY / STAP GERUS

Die Verkeerslig

Liggie rooi sê vir my: "Stop
Kyk eers mooi, gebruik jou kop".


Liggie geel sê: "Hokaai nou
Stop net daar gou-gou-gou".

Liggie groen sê: "Kom maar aan
Nou kan jy weer verder gaan".

Kleur die verkeerslig hierbo korrek in.


Stap as span in jou omgewing rond en pas die korrekte verkeersreëls toe.

Gesels oor die regte en verkeerde optredes van voetgangers in hierdie prent.




2 Ons Natuur

Die mens is afhanklik van al die elemente van die natuur.




Plak 'n prent van ons mooi land hier.



Ek gaan help om te keer dat **dit** met ons mooi land gebeur.





Maak ook so 'n plakkaat van rommel wat morsjorse op julle skoolgrond of park gelaat het.




3 Spoorsny

Volg hierdie rigting;




Verkeerde pad
of
Moenie hierdie pad volg nie.




Die dubbelpyl is twee pyle baie naby aan mekaar.

Dit beteken dat enige een van die twee paaie gevolg kan word.



4 Windrigtings



Die son kom in die OOSTE op
en
gaan weg (onder) in die WESTE.





Onthou dus: **Oos = Op** en **Wes = Weg**

5 Gevare

5.1 Elektrisiteit

Gesels oor die gevare in hierdie prente.

- Moet nooit met nat hande aan 'n elektriese skakelaar raak nie.
- Moenie by 'n muurprop lol of speel nie.
- Moenie 'n prop uittrek as dit nie afgeskakel is nie.
- Sê as jy sien dat 'n kragdraad stukkend is.
- Pasop vir drade wat nat is.
- Moenie elektriese apparaat aan- of afskakel as iemand jou nie gewys het hoe om dit te doen nie.




5.2 Swembaddens

Moenie sonder volwasse toesig swem nie.

Onthou die volgende:

- Moet nooit alleen gaan swem nie.
- Moenie snaakse dinge in die water aanvang nie.
- Moenie om die swembad hardloop nie, stap altyd.
- Verwyder die swembad skoonmaker voordat jy gaan swem.
- Moenie gaan swem net nadat jy geëet het nie.
- Moenie probeer braaf wees en onverantwoordelike dinge aanvang nie.
- Swem altyd aan die vlakkant.





5.3 Medisyne

Dinge om te onthou met medisyne:

- Moet nooit self medisyne of pille neem om te drink nie, maar vra altyd eers vir Mamma.
- Al het pille soms mooi kleure, is dit nie lekkers nie. Jy moet dit nie eet as jy nie weet wat dit is nie.
- Moet nooit iemand anders se medisyne drink nie, want dit kan jou baie siek maak of selfs doodmaak.
- Vra vir Mamma om die medisyne toe te sluit sodat jou klein boetie of sussie dit nie kan bykom nie.
- Moenie aanvaar dat daar altyd koeldrank in 'n koeldrankbottel is nie, omdat baie mense gif daarin bêre.
- Moenie jou medisyne vir 'n maatjie gee nie, want die dokter het dit net vir jou gegee vir jou spesifieke soort siekte.



Medisynelepel



Vra voor jy enige medisyne drink.



Gifstowwe



Plak verskillende medisyne wat jy uitgeknip het in elke blokkie.

5.4 Ontvoering

ONTHOU:

Jy mag **NEE** sê.



Belangrike dinge om te onthou:

- Sê altyd vir Mamma waarheen jy gaan, saam met wie en hoe laat jy terug sal wees. Jy moet jou woord hou en betyds terugwees anders raak mamma bekommerd.
- Moet nooit nader gaan as mense jou uit 'n motor roep of lekkers aanbied nie.
- Moet nooit in 'n motor klim by mense wat jy nie ken nie.
- Moenie die deur oopmaak wanneer iemand aanklop wat jy nie ken nie. Probeer vasstel wie dit is en wat hy wil hê sonder om die deur by die huis oop te maak. Dit geld ook byvoorbeeld as jy vir mamma in die motor wag.
- Moenie sê dat jy alleen tuis is nie.
- Vertel dadelik aan 'n persoon wat jy vertrou as iemand met jou gelol het.
- Stap of speel in groepe. Gevaarlike speelplekke moet uitgewys en bespreek word.

- As jy saam met Mamma of Pappa winkels toe gaan bly by hulle. Moenie afdwaal nie en moet nie eers alleen kledkamers toe gaan nie.
- Moet nooit na donker alleen uit die huis gaan nie.






Pasop vir vreemde mense.

5.5 Molestering

Die volgende drie goue reëls moet altyd nagekom word:

- Sê: "nee!"
- Gaan weg! (hardloop weg).
- Vertel vir iemand!



EK AS VOORTREKKER**1 Die Voortrekkers - Waar kom die naam vandaan?**

Die Voortrekkers
van die Groot Trek

Die Voortrekkers, dit is ons naam.

Ons is trots om die naam van die Voortrekkers van lank gelede te kan dra. Wie het die mooi naam vir ons Beweging gekies?

Vader Visser het dit gekies. Hy was die stigter van ons Beweging. Hy het geglo dat jy en al die ander Penkoppe en Drawwertjies saam met julle volwasse leiers die Here sal lief hê, eerlik sal wees, hard sal werk en dapper en hulpvaardig sal wees. Net soos die Voortrekkers van lank gelede.




2 Die Voortrekkers - Ons Span

Rangkentekens vir Penkoppe en Drawwertjies

Kommando se PD Jeugleier



Spanleier



Adjunkspanleier




Laat julle Offisier die volgende vir julle invul:

Ons Kommando se PD Jeugleier is:

Ons Spanleier is:


Ons Adjunkspanleier is:

Plak hier julle spanfoto.



3 Voortrekkerwapen.

Ons is baie trots op hierdie wapen, want dit wys dat ons almal Voortrekkers is. Net Voortrekkers mag hierdie wapen dra, niemand anders nie. Daarom moet 'n Voortrekker weet waaruit die wapen bestaan.




4 Kampering en die Skuifknoop

Waarom kamp ons?

- Om ons maats beter te leer ken.
- Om saam met maats dinge te doen.
- Om sonder ouers se hulp klaar te kom.
- Om in 'n tent te slaap en kampkos te eet.
- Om die veld en die natuur te beleef en te leer liefkry.
- Om Voortrekkerwerk te doen.





Plak hier onder 'n foto van julle kamp of uitslaap.



Leer die volgende rympie om die skuifknoop mee te maak.


Links oor regs
en
regs oor links



Plak jou Skuifknoop hier.

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for a student to paste their completed knot here.

5 Seremonie Vaardighede



Op die plek rus.

Aandag

Ek kan:

Aksie	Datum	Offisier se hantekening
Op die plek rus staan		
Op aandag staan		
Deelneem aan Apél		

6 Voortrekkerkode

Hierdie jaar leer julle die volgende vyf reëls van die Voortrekkerkode.

- 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.



- 'n Voortrekker is gehoorsaam.



Wees gehoorsaam aan jou leiers want dit is die wil van God.

- 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.



- 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.




- 'n Voortrekker is diensbaar.



7 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel

So kan jou erkenningsbaadjie aan die einde van die jaar lyk.



Laat 10mm spasies tussen kentekens.

Aan die einde van die jaar kan jy nog twee kentekens kry om op jou erkenningsbaadjie te werk.

- 'n **Groen** skei vir getroue diens indien dit jou tweede jaar as Voortrekker is.


OF

- 'n **Oranje** skei indien dit jou eerste jaar as Voortrekker is.



En dan natuurlik

- 'n **Oranje** graadwiel om te wys dat jy jou graadwielwerk in Graad 1 afgehandel het.



8 Sang



Hierdie jaar gaan julle minstens **twee** geestelike liedjies en

drie Voortrekkerliedjies leer.

Jy kan ook vir jou offisier vra dat julle dit in 'n hardebladboek plak sodat julle dan al die liedjies wat julle nog gaan leer, bymekaar kan hou.

9 Spele

Julle moet hierdie jaar minstens **vier** nuwe speletjies byleer.



Spele is pret.




Speletjies bou vriendskappe.

Speletjies hou my gesond.



Spele laat my dink.




EK AS AFRIKANER**1 Kinderhelde - Racheltjie de Beer**

Racheltjie en haar boetie by die miershoop.



Help Racheltjie se pa om haar en haar
boetie op te spoor.



2 My Taal

- Leer elke dier op hierdie bladsy se manlike en vroulike vorm aan.
- Leer 3 spreekwoorde wat oor diere handel aan asook hulle betekenis.



bulk	blaf	runnik	kraai	brul	piep
blêr	balk	kekkel	miaau	kwetter	kwaak

Help elke dier om die Afrikaanse woord vir die geluid wat hy maak te vind en skryf dit in die blokkie.

EK AS LANDSBURGER**1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land****BARTHOLOMEU DIAS**

Dias se standbeeld
in Kaapstad.




'n Seilboot soos die waarmee Dias gevaar het.

DIE KRUIS WAT DIAS GEPLANT HET.

November 2017

Die Geskiedenis van ons Volk
en Land


Julle kan gerus 'n klei of gips model van die kruis maak.




2 Ons Vlae

2.1 Die Nasionale vlag

Kleur die Nasionale vlae in.




Namibië




Suid-Afrika

So staan ons tydens 'n vlagseremonie.



2.2 Die Voortrekkervlag

Kleur die Voortrekkervlag in.



OMGEE

Kom ons doen 'n projek om hulpvaardigheid en diensbaarheid aan te leer.

